



Husse Met Lang Ore

Wie kan my sê wat Husse is —
 Husse met lang ore?
 En juis hoë lyk die snaakse goed?
 Waar kry mens hulle spore?
 Word hul miskien in Husseland,
 Of in die maan gebore?
 Moet mens hul in die maanlig soek,
 Of vroeg, vroeg in die môre?
 Ek vra en vra, maar tevergeefs,
 My moeite gaan verlore,
 Al antwoord wat ek altyd kry
 Is
 Husse
 met
 lang
 Ore!

Elsa Niemeyer

Die Skoen



„Koen, maak heel my skoen.”
 „Ja, Juffrou; dit sal ek doen.”

„Koen, maak jy hom sterk?”
 „Ja, Juffrou; dit is my werk.”

„Koen, is my skoen al klaar?”
 „Ja, Juffrou; betaal my maar.”

„Koen, ek het nie geld by my nie.”
 „Juffrou, dan kan jy jou skoen nie kry nie.”

„Dag, Koen.”
 „Dag, Juffrou-sonder-skoen!”



Amandels

Amandels het 'n harde dop,
 Eendag tel ek self een op.
 Ek sê vir Boet: „Stamp dit vir my,
 Dan kan jy ook 'n stukkie kry.”

Hy stamp dit netjies middeldeur
 En raai net wat het toe gebeur?
 Hy gee vir my die leë dop
 En eet toe self die binneste op!

Anoniem



Tinge-Linge-Ling

Ring-ting-ting;
Die voëltjies sing,
Met 'n tingelingeling,
En 'n klokkie-king.

Die wolkie is wit,
Die lug is blou,
En tingelingeling,
Ek is lief vir jou.

Die boompie bot,
Die duifie koer,
Met 'n klokkie-king;
Die goggatjies loer.

Ring-ting-ting
Die skool is uit;
Die meisies lag,
En die seuntjies fluit.

Die pret is oor,
Die dag's gedaan;
En tingelingeling,
Die nag kom aan.

Henriette Pienaar

Visvang


Plaps! Dit was so amper
Of ek het nou een gehad.
Maar hulle is so vreeslik glad
Van al die tyd se bad.

Soe! Die water loop al straaltjies
Agter in my nek,
En onder by my skoene se sool
Begin dit ook te lek.

Kaats! Hou op met knor en loer.
Jy maak die visse bang!
En dan kan ek maar opgee
Om vir hulle te wil vang.

Outjie! Nou kyk 'n bietjie,
Hoe het ek dit reggekry?
Die mooiste, geelste van die vissies
het in my . . . kous gegly!

Anoniem





Fiemies

Marta is vol fiemies,
Sy trek haar neus opsy:
Kool wil sy nie eet nie,
Pampoens laat sy ook bly.
Haar rok is kastig lelik,
Sy wil g'n voorskoot dra:
En as 'n mens net met haar speel,
Gaan sy by Ouma kla!

Tienie Holloway



Kaalvoetjies

Ek loop so graag met voetjies kaal,
Kaalvoetjies in die sand;
Ek speel so graag met water,
Met water buitekant.

Maar moeder roep my binne,
Sy sê ek mors te veel;
Ek wonder tog of iemand
Ooit sonder mors kan speel!

A.B



Teleurgesteld

Ek wou so graag 'n speelmaat hê,
En nou het hy gekom —
Maar hy wil net by Mammie lê,
Ek weet tog nie waarom.

Hy huil vir niks nie: wê-ê-ê.
Sy kop is kaal en slap.
Hy kan g'n enk'le woordjie sê,
En eet net bottels pap!

B. Traas



Lekkers

Daar is baie lekker lekkers
Op die winkelrak,
As ek hul sien, dan wens ek ook
Vir pennies in my sak.

Oompie is so lief vir my,
Bring lekkers in 'n pak;
Maar daardie klontjies wat hy gee,
Smaak net soos sy tabak.

Helena J. F. Lochner



Pop Se Les

My Poppie, nou moet jy leer loop,
Jy word al groot, weet jy!
Ek het jou laas jaar al gedoop,
Hoe wil jy dan so klein nog bly?

Kom nou, mooi klein treetjies gee.
Linkervoetjie voor,
En daarna stapper, regtervoetjie,
Mooi so, Poppie, hoor!

Nee, g'n twee gelyk nie, Kind!
Hoe is jy dan so dom!
As jy nie leer nie, Poppie lief,
Sal jy nooit nie huis toe kom!

Maria J. Vorster

Popsielief


Popsielief, toe kom dan nou —
Met jou ogies hemelsblou —
Jy moet alles nou laat staan,
Ons twee moet nou bed toe gaan.

In my armpies kan jy lê —
Wat wil jy dan beter hê?
Maak nou altwee ogies dig,
Anders blaas ek dood die lig.

Ander poppies slaap al lank,
Klaasvakie het hul vroeg gevang;
Al die bedjies is al vol —
Nag, my kleine skattebol!

Winnie Malan





Oupa Uil

„Hoè-hoe, hoè-hoe,
Maak ogies nou toe;
Hoè-hoe, hoè-hoe,
Die kinders doe-doe!”

As ou oupa Uil
In die bome saans huil,
Begin 'n mens gaap
En gaan gou-gou slaap,
Want Oupa is wys,
Hulle sê hy's al grys;
En kindertjies luister
As hy daar so fluister:

„Hoè-hoe, hoè-hoe,
Maak ogies nou toe;
Hoè-hoe, hoè-hoe,
Die kindertjies doe-doe.”

Elsa du Toit

Gebedjie

Dankie vir die lekker dag
Dat ons kon speel en lag,
Dankie vir die sonneskyn,
Die diertjies groot en klein,
Dankie vir ons kos, o Heer,
En alles lief en mooi en teer.

Elsa du Toit

Straatliggies

Kyk hoe skyn die liggies,
Alkant van die straat,
Nou moet ek na bed toe,
Want dit is al laat!

Nag, mooi ou liggies,
Wys die mense reg;
Want die nag is donker,
En die maan is weg.


A.B.

Die Dwergie

Onder in my pa se tuin,
By die boom se stam,
Sit 'n snaakse mannetjie
Sy lange baard en kam.

'n Dwergie is hy, baie klein,
Maar seker regtig oud,
Wat elke nag met pik en graaf
Daar grawe vir sy goud!

Helena I. F. Lochner



Bang!

Allenig moet ek bed toe gaan,
Dis donker in die gang,
'k Sal niemand vra om saam te loop,
Hul sê reeds ek is bang.

Daar sit hy in die hoekie weer,
Sy arms sal my gryp,
En „Mammie! Mammie!” skree ek hard,
„Die donker wil my knyp!”

En toe vat Ma my handjie vas
En lei my deur die gang.
Die skelm was my eie jas
Wat aan die kapstok hang.

J.v.B.